**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**FEB / MARCH / MAART 2006**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Nommer al jou antwoorde presies soos op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN en BEPLAN deeglik vooraf en benut die volle tydsduur van die vraestel.

AFDELING A
**LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

- Bestudeer die volgende leestekste in hierdie afdeling sorgvuldig en beantwoord daarna die vrae wat daaroor handel.
- Nommer die vrae in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen antwoorde.

## Van huis na digitale paleis

**Die digitale revolusie verander leefstyle – nie net in die kantoor nie, maar ook by die huis, waar 'n nuwe generasie die voordele aangryp. Ryk van Niekerk het 'n wegbreeksessie van Hewlett Packard in Florence in Italië bygewoon waar die tegnologiegroep sy visie vir die toekoms uitgestippel het.**

1. Die huis van die toekoms gaan anders lyk as die waarin ons vandag woon.

2. Die dak, mure en kamers sal miskien nog herkenbaar wees, maar bykans alles anders sal meebring dat 'n huis in 'n digitale woning verander.

3. Die visie van die digitale woning is nie nuut nie. In so woning sal daar verskeie elektroniese toestelle soos televisies, klankstelsels, persoonlike rekenaars en selfs toestelle soos koelkaste deur die jongste tegnologie met mekaar praat en die huisbewoners die vermoë gee om dit maklik van enige plek te beheer.

4. Die scenario is egter nog nie heeltemal die werklikheid nie, maar dit sal binne die volgende drie tot vyf jaar 'n algemene gesig word, of so dink Hewlett Packard (HP).

5. Mnr. Emilio Ghilardi, visepresident en hoofbestuurder van HP se verbruikers-produkte in Europa, die Midde Ooste en Afrika, sê die verskuiwing na die "Digitale Woning" is reeds aan die gang namate die verskille tussen verbruikerselektronika en verbruikerstegnologie oorvleuel en nader aan mekaar beweeg.

6. Die persoonlike rekenaar is die hoeksteen van die digitale revolusie. Dit sal die middelpunt van kommunikasie van en na die huis wees.

7. Baie lesse kan in die verbruikerselektronikamark geleer word. Verbruikers wil nie weet watter tegnologie in produkte is en hoe dit werk nie. Al wat verbruikers wil hê, is 'n goeie produk wat maklik is om te gebruik– 'n visie waaraan die IT – bedryf nog nie voldoen nie, sê Ghilardi.

8. HP se plan is om die markleier in die mark van digitale kameras te word. Digitale kameras is die jongste toestel wat verbruikers se lewenstyle verander en bring 'n verbruikersrevolusie mee, sê mnr. Herbert Kock. Digitale kameras het dieselfde aanvaardingskoers as CD-spelers en selfone. Verlede jaar is meer digitale kameras as gewone kameras in Europa verkoop.

9. Mnr. Kock sê digitale kameras sal oor die volgende vyf jaar 'n hoofstroomproduk wees.

**(Verwerk uit: *Beeld*, 16 Januarie 2004)**

1.1 Volgens die lokparagraaf bring die digitale revolusie verandering op TWEE gebiede. Noem EEN van die **twee** gebiede. (1)

1.2 In watter **land** het die tegnologiegroep hulle planne vir die toekoms bekend gemaak? (1)

1.3 Waarom was dit moontlik vir Ryk van Niekerk om verslag oor hierdie onderwerp te doen? (1)

1.4 Watter verhouding sal daar (volgens paragraaf 3) in die huis van die toekoms tussen toestelle wees? (1)

1.5 Watter mening (volgens paragraaf 4) huldig Hewlett Packard oor digitale huise? (1)

1.6 Wie is die visepresident van HP? (1)

1.7 Haal 'n woord uit paragraaf 8 aan wat dieselfde as **nuutste** beteken. (1)

1.8 Noem TWEE vereistes (volgens paragraaf 7) wat verbruikers aan 'n produk stel. (2)

1.9 Noem TWEE sake ten opsigte van produkte wat **nie** vir die verbruiker belangrik is **nie**. (2)

1.10 Die aard van hierdie artikel is:

1.10.1 Informatief
1.10.2 Ironies
1.10.3 Verhalend
1.10.4 Humoristies (1)

**(12)**




**AANBOD**

- v Gratis Nokia 3310.
- v My Call 100- pakket vir 24 maande teen R49 per maand.
- v Verpligte gespesifiseerde rekeninge is R15.
- v Totale maandelikse koste R64.
- v Eenmalige koste van R 185 vir SIM-kaart en aansluiting (BTW ingesluit).
- v Jy kry elke maand 85 minute buite spitstyd, 15 minute binne spitstyd en 15 SMS'e gratis.

1. Wie wil nou graag wegraak in 'n groep? Deesdae streef almal na individualisme. Elkeen wil uniek wees. En nou kan jy jou persoonlikheid met jou selfoon uitleef.

2. Met die Nokia 3310 het jy die vryheid om jouself te wees. Hierdie foon is ontwerp met individuele smaak in gedagte. Met die uitruilbare Xpress-on-selfoonomhulsel kan jy jou foon aanpas om by jou bui te pas. Daarby kan jy ook die prentjies op die skerm en die luitoon verander soos dit jou pas.

3. Hierdie foon het ook 'n ingeboude funksie waarmee jy teksboodskap-gesprekke met ander selfoongebruikers kan voer – net soos die aanlyn-geselsgroepe op die internet.

**(Verwerk uit: *Huisgenoot*, 12 Desember 2002)**

1.11 Waarna streef elke persoon volgens paragraaf 1? (1)

1.12 Watter vryheid bied die Nokia 3310 (volgens paragraaf 2) vir jou? (1)

1.13 Watter eienskap van die Nokia 3310 stem ooreen met internetgebruik (volgens paragraaf 3)? (1)


1.14 Noem EEN van die drie dinge wat die Nokia-gebruiker telkens kan verander. (1)

1.15 Wat bedoel die skrywer met **bui** (par. 2)? (1)

1.16 Wat verstaan jy onder die term **spitstyd** (in die eerste blok)? (1)

1.17 Hoe weet jy dat jy slegs een keer vir jou SIM-kaart gaan betaal? Haal slegs EEN woord as antwoord aan. (1)

**(7)**




**(Uit: *Die Burger*, 16 Maart 2003)**

1.18 Die woord **noodgevalle** verskyn op een van die borde. Wanneer, dink jy, sal jy die noodgevalle-afdeling besoek? (1)

1.19 In die middel van die spotprent is die verpleër / verpleegster besig om mond-tot-mond-asemhaling op die pasiënt toe te pas. Onder watter wanindruk verkeer die ambulansman hieroor? (1)

1.20 Onder aan die prent is geskryf: **’n Soen ’n dag laat die ambulansman wag**. Is hierdie woorde:

1.20.1 vermanend?
1.20.2 spottend?
1.20.3 ernstig? (1)

1.21 Watter visuele bewys is daar dat die ambulansman kwaad is? (1)

1.22 Noem TWEE redes waarom die hospitaal dit nodig geag het om soen-en-ry-bane te open. (2)
**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

AFDELING B
**OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande artikel deur en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

LET WEL:

- Alle opdragte moet in volsinne uitgevoer word.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding.
- Dui na elke antwoord die getal woorde wat jy gebruik het aan.
- Meld aan die einde van die vraag die getal woorde wat jy gebruik het.
- Begin elke sin op ’n nuwe reël.

1. Bestuurders beland in ongelukke omdat hulle die heel basiese dinge oor motorbestuur nie ken nie, dit ignoreer of dit nie doen nie. Hier’s ’n klomp wenke om jou vanjaar uit die hospitaal te hou.

2. Kry jou sitposisie reg. Nie te naby aan die stuurwiel nie, want dan druk jou elmboë teen jou bors vas en kan jy nie die stuurwiel behoorlik draai nie. Ook nie te ver nie, want dan is jou arms te reguit en sukkel jy om die remme, koppelaar, en dies meer by te kom.

3. Kliek altyd vas, selfs al het jou motor ’n veiligheidslugsak. Die twee stelsels werk saam. Die veiligheidsgordel hou jou stewig op jou sitplek – reg agter die lugsak.

4. Konsentreer op wat jy doen, wat voor jou, langs jou en agter jou in die pad gebeur. Wees daarop bedag dat iemand voor jou gaan inswaai, skielik voor jou gaan rem of oor ’n rooi verkeerslig of stopstraat gaan ry.

5. Handhaaf ’n veilige volgafstand. Die volgafstand hang af van jou snelheid. Teen 60 km/h het ’n gemiddelde motor ongeveer 30 meter nodig om tot stilstand te kom. Teen 120 km/h is dit 100 m en teen 160 km/h is dit oor die 200 meter. Vra jouself af: As die persoon voor my skielik hard rem, is daar genoeg ruimte vir my om tot stilstand te kom?

6. Bly in jou pasoppens. Beskou elke bestuurder van elke aankomende voertuig as 'n potensiële moordenaar en sy voertuig as 'n gevaarlike wapen. Reken daarop dat hy die verkeerde, onnosele ding gaan doen.

7. 'n Bekwame bestuurder weet deurentyd wat voor, langs en agter hom gebeur. Dis waarom jou motor tru- en kantspieëls het. Jy behoort veral in die stadsverkeer, elke 8-9 sekondes in jou truspieël te kyk om uit te vind wat agter jou gebeur. Onthou ook die blinde kol langs jou. Draai jou kop na regs en links voordat jy van rylaan verander.

**(Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 Junie 2002)**

2.1 Een van die dinge wat 'n bestuurder moet doen wanneer hy in sy motor klim, is om die regte sitposisie te kry. Vat die ideale sitposisie saam in nie meer as 20 woorde in totaal nie. (4)

2.2 Benewens die korrekte sitposisie en 'n korrekte volgafstand is daar nog VIER dinge wat 'n bestuurder moet doen om veilig by sy bestemming aan te kom. Vat ENIGE TWEE van hierdie aksies saam in TWEE VOLSINNE van nie meer as 15 woorde in totaal nie. (4)

2.3 Voorsien die teks van 'n gepaste titel van nie meer as 5 woorde nie. (2)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C
## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 3

- Beantwoord alle vrae in hierdie afdeling.
- Nommer jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel genommer is.

Lees die onderstaande tekste deur en maak daarvan gebruik by beantwoording van die vrae wat daarop volg.

**wat dans vir jou kan doen**

**Laat waai op die dansvloer. Dans is goed vir jou.**

Die antieke Grieke het geglo dat hul god Rea net 'n paar uitverkorenes geleer dans het en dat hulle die res van die mensdom moes leer. Die antieke Griekse dansinstrukteurs het hulle klaarblyklik goed van hul taak gekwyt. Want waar dans voorheen net tot godsdienstige rituele beperk was, het dit 'n sosiale aktiwiteit geword en dans mense nou wêreldwyd vir die blote plesier daarvan.

Wat gebeur met jou lyf wanneer jy dans? Al jou bewegings word ge= organiseer deur die sentrale senustelsel (SS), wat miljoene boodskappe ontvang en daarop reageer. Die SS bestaan uit die rugmurg, middelbrein en hoër sentrums in die brein. Om balans te hê, het jy die hulp van die SS nodig.

Die SS verwerk inligting (wat die brein help om die posisie en bewegings van jou gewrigte te herken). Dit werk alles saam wanneer jou spiere saamtrek en jou gewrigte stabiliseer. Die middelbrein sê vir jou lyf watter beweging of houding nodig is. Die brein bêre die inligting sodat jy jou vriend nog 'n keer met daai spesiale dansbeweging kan beïndruk.

Dans die blues weg.
Dans stimuleer die produksie van endorfiene, die goedvoel-chemikalieë in die brein, wat uitstekend is vir die verligting van stres en depressie.

Wanneer jou liggaam vir 24 minute behoorlik ingespan word, byvoorbeeld deur te dans, sal dit endorfiene begin vrystel wat aan die breinreseptore bind. Endorfiene is natuurlike pynstillers en dis waarom jy opgewek voel en die cha-cha nog 'n keer kan dans, al pyn jou voete.

Dans is 'n goeie aërobiese oefening – trouens, met 'n halfuur se dans kan jy 500 –1 100 kilojoules verbrand. Dans word as terapie aanbeveel vir pasiënte wat van sekere chirurgie herstel.

**(Verwerk uit: *dit* Februarie 2004)**

3.1 Verander die opskrif: **Wat dans vir jou kan doen** sodat dit in die vorm van 'n vraag is. (1)

3.2 **Grieke** (r. 1) is persone wat afkomstig is van ___________ . Noem die land. (1)

3.3 Die **antieke** (r. 1) Grieke het hulle goed van hulle taak gekwyt. Gee 'n woord wat min of meer dieselfde betekenis as die vetgedrukte woord het. (1)

3.4 **Instrukteurs** (r. 3) verwys na mans. Wat sal vroue genoem word wat dieselfde werk doen? (1)

3.5 Dui aan hoe jy die woord **rituele** (r. 4) in grepe sal verdeel. (1)

3.6 Dans het 'n (**wêreldwyd**; r. 5) aktiwiteit geword. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.7 Al jou bewegings word georganiseer deur die sentrale senuweestelsel (r. 7 – 8). Herskryf die sin en begin met: **Die sentrale senuweestelsel** _____________ . (1)

3.8 Die woorde **hulp** (r. 10) en **help** word dikwels in die verkeerde konteks gebruik. Maak 'n verhelderende sin om die betekenis van **help** aan te toon. (1)

3.9 Vervang die woord **daai** (r. 16) met 'n formeler weergawe daarvan. (1)

3.10 **Dans die blues weg** (r. 17). Herskryf die sin, maar gebruik die woord **nie**. (1)

3.11 **Dans stimuleer die produksie van endorfiene** (r. 18). Dans help dus om endorfiene te (**produksie**). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.12 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. **Dans stimuleer die produksie van endorfiene**(r. 18). Dans is dus 'n (stimuleer). (1)

3.13 Indien die **ei** in **brein** (r.19) met 'n **ui** vervang word, verander die betekenis van die woord. Gebruik die woord **bruin** in 'n sin om die betekenis aan te toon. (1)

3.14 Hoe sal jy **minuut** (r. 20 ) afkort? (1)

3.15 **Endorfiene is natuurlike pynstillers en dis waarom jy opgewek is** (r. 21 – 22). Herskryf die sin en begin met: **Aangesien endorfiene** ______________ . (1)

3.16 Deur 'n getal in woorde te skryf word dit beklemtoon. Skryf die getal **24** (r. 20) in woorde. (1)

3.17 Die skrywer van hierdie teks stel die volgende vraag aan die leser: **Wat gebeur met jou wanneer jy dans?** Hoe sal jy aan 'n maat sê watter vraag die skrywer jou gevra het? Skryf die sin neer en begin met: Die skrywer wou weet ___________ . (1)

3.18 Word **Laat waai op die dansvloer** (lokparagraaf) letterlik of figuurlik bedoel? (1)
**[18]**

**EN**

## Selfone hou geen gevaar in vir knaende kletskouse

Selfone is veilig en gee 'n mens nie kanker nie – dit is die voorlopige bevinding van 'n intensiewe studie in verskeie lande.

Die studie, wat die naam Interphone (www.iarc.fr/ pageroot / UNITS / RCA4 . html) gekry het, is gereël deur die internasionale agentskap vir kankernavorsing (IARC) wat dertien lande betrek.

Die aanvanklike bevinding is die eerste deel van die studie wat bekend gemaak is. Volgens die Britse wetenskaptydskrif, *New Scientist*, het die studie mense betrek wat selfone al tien jaar gebruik.

Die aanvanklike bevinding is dat dit waarskynlik veilig is om selfone vir tien jaar te gebruik. Die studie het op 'n dekade gefokus omdat selfone eers tien jaar gelede wyd in gebruik gekom het.

Wanneer verdere inligting oor die volgende jaar bekend gemaak word, sal daar waarskynlik aanduidings vir gebruik langer as tien jaar wees.

Die navorsers het elke nuwe geval van ’n seldsame soort breinkanker in die Deense bevolking van 5,3 miljoen mense oor ’n tydperk van twee jaar bestudeer.

Altesaam 106 mense wat ’n seldsame gewas met die naam akoestiese neuron ontwikkel het, is opgespoor. Dit is ’n nie- kwaadaardige gewas wat tussen die brein en die oor ontwikkel.

Die mense se selfoongebruik is toe vergelyk met 212 ander mense wat lukraak gekies is uit groepe wat dieselfde lewenspatroon het wat ouderdom, geslag en sosio-ekonomiese status betref.

Daar is toe bevind dat daar geen noemenswaardige verskille in selfoongebruik tussen die twee groepe was nie, wat beteken selfoongebruik was nie ’n herkenbare bepalende faktor in die ontwikkeling van die gewasse nie.

Die gewasse ontwikkel op die plek waar selfoon-bestraling die kragtigste is wanneer daar op selfone gepraat word.

Daar was ook geen verskil tussen mense wat die ouer analoogselfone begin gebruik het en die wat net nuwer digitale selfone (soos in Suid-Afrika) gebruik nie.

(Verwerk uit: *Beeld*, 2 Februarie 2004)

3.19 Herskryf die opskrif **Selfone hou geen gevaar in vir knaende kletskouse** oor sodat dit taalkundig korrek is. (1)

3.20 Waarna verwys die woord **kletskouse** (opskrif) ? (1)

3.21 Wat word ’n persoon genoem wat ’n **studie** (r. 2) van iets maak en dus besig is om te **studeer**? Gebruik die vetgedrukte woorde as ’n leidraad. (1)

3.22 Gee die teenoorgestelde betekenis van **veilig** (r. 1) deur slegs ’n woorddeel voor aan die woord te voeg. (1)

3.23 **Die studie is gereël deur die internasionale agentskap vir kankernavorsing** (r. 3-4). Skryf die sin oor en begin met: Die internasionale agentskap ________ . (1)

3.24 Breinkanker is **seldsaam** (r. 14). Hierdie breinkanker is egter die (**seldsaam**) van alle kanker. (1)

3.25 Elke (inwoner van Brittanje) lees die Britse wetenskaptydskrif, New Scientist. Gee EEN woord vir die omskrywing tussen hakies. (1)

3.26 Ons praat van groot **selfone** (r. 9 ), maar klein ______________ . (1)

3.27 Oor watter tydperk strek ’n **dekade** (r. 10)? (1)

3.28 **Stokoud** dui die intensiteit van oud aan. Hoe sal jy die intensiteit van **nuwe** (r. 14) aandui? (1)

3.29 Die (**ontwikkel** r. 24) van gewasse word deur die kragtigheid van die bestraling aangehelp. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.30 Gebruik die woord **ouer** (r. 26) sodat dit 'n ander betekenis as in die teks het. (1)
**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

AFDELING D
**TAALVERSORGING**

**VRAAG 4**

- In hierdie afdeling moet jy die taalfoute korrigeer.
- Lees die onderstaande teks om die vrae te beantwoord.

**Wraak is soet, maargevaarlik**

Soms klink dit lekker om wraak te neem.

'n Mens neig om maar net daaroor te droom, daarom kon ek nie help om te glimlag toe ek eenkeer in die beeld lees van 'n oudkliënt wie 'n paar slange in sy bank gaan loslaat nie.

Dis egter nie snaaks. Om deur 'n slang gepik te word, terwyl jy besig is om jou werk te doen, is glad nie regverdig nie. Maak nie saak hoe jy daarna kyk nie. En wat is die kans dat die ou wat gepik is dieselfde ou is wat die kliënt vies gemaak het?

Nee wat, wraak klink lekkerder in teorie as wat dit *actually* is. Om van poging tot moord aangekla te word, beteken nie jy't gewen of selfs vir iemand 'n punt gewys nie. Jy skiet jouself en jou hele argument in die voet.

My grootste wraak-fantasie is om die goedkoopste tweedehandse motor wat ek moontlik kan kry in die Snuffelgids te koop. Ek ry dan daarmee in Beyers Naude-rylaan en elke liewe taxi wat voor my inry, stamp ek of skraap ek. As hulle reeds gestop het, dan gaan parkeer ek reg voor hulle sonder vrees dat hulle dalk in my kan vasry.

Die realiteit is egter dat ek waarskynlik binne minute deur die Metropolisie afgetrek gaan word vir onpadwaardigheid (ek is immers nie 'n taxi wat hulle kan oorsien nie). Dis nou as die kar nie reeds 'n wiel verloor het nie.

Indien ek dit wel regkry om 'n paar taxibestuurders die josie in te maak, sal daar waarskynlik een wees wat 'n *gun* uitruk en my tussen die oe pot.

Wie wys dan vir wie 'n punt. Nee wat, wraak is soet slegs as die gevolge nie die onskuldiges laat ly nie.

Een van die beste oomblike van wraak wat ek nog gehad het was met die onderwyser wat my vertel het hoe ek te verstrooid is om my pad in sy vak te vind. Hy't my altyd vroterige punte gegee. Uiteindelik kry ek toe 'n onderskeiding in sy vak, terwyl sy eie topstudente dit nie kon doen nie.

Dit was soete wraak.

**(Verwerk uit: *Jip, Bylaag tot Beeld*, 2 Februarie 2004)**

4.1 'n Eienaam in (r. 2 – 4) is verkeerdelik met 'n klein letter geskryf. Korrigeer die fout. (1)

4.2 Vervang die Engelse woorde met die korrekte Afrikaanse woorde:

4.2.1 actually (r. 9)
4.2.2 gun (r. 21 ) (2)

4.3 Die gebruik van **wie** in r.3 – 4 is 'n verkeerd. Skryf slegs die korrekte woord neer. (1)

4.4 'n KOMMA ontbreek in r.24 – 27. Skryf slegs die TWEE woorde voor en na die komma neer en vul die komma op die regte plek in. (1)

4.5 **Dis egter nie snaaks**. (r. 5 - r. 8) is nie taalkundig korrek nie. Skryf die sin korrek oor. (1)

4.6 'n SKRYFTEKEN is weggelaat in r. 19 – 21. Skryf die woord korrek oor. (1)

4.7 'n VRAAGTEKEN ontbreek in r. 20 – 23. Skryf slegs die sin waarin dit ontbreek, korrek oor. (1)

4.8 Benewens al die foute wat reeds in die teks aangewys is, is daar nog TWEE spelfoute. Skryf die woorde korrek oor.

4.8.1 Een in r. 22 – 24
4.8.2 Een in r. 24 – 26 (2)

**TOTAAL VIR AFDELING D: [10]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**